



Verwysing: 20210811-4928
Lêerno.: 3/3/3/1/1
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuurminuut: 0008/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Prinsipale en alle staatsdienspersoneel

Onderwerp: Personeel se prestasiebonusse vir die 2020/2021-prestasiesiklus

1. Weens die fiskale uitdagings wat in die staatsdiens ondervind word en wat boonop deur die COVID-19-pandemie vererger is, het die kabinet goedkeuring verleen aan die besluit wat deur die Wes-Kaap Regering (WKR) se provinsiale topbestuur (PTB) op 05 Julie 2021 geneem is dat **geen prestasiebonusse betaal sal word** aan werknemers vir die 2020/2021-prestasiesiklus nie.
2. Ingevolge die Staatsdiens Kōördinerende Bedingingsraad- (SDKBR-) resoluie 1 van 2021 sal die werkgewer 'n eenmalige pensioengeregtigde salaris van ten minste 1,5% aan alle werknemers wat in die staatsdiens in diens geneem is op 01 April 2021 betaal, d.w.s.,
 - 2.1 Werknemers wat nie in aanmerking kom nie vir 'n pensioengeregtigde verhoging wat uit salarisvordering spruit ten opsigte van die toepaslike prestasiesiklus, betaalbaar aan hulle ingevolge enige SDKBR of sektoriese ooreenkomste wat salarisvordering reguleer, ingeslote werknemers op die maksimum kerf van hulle salarislakke.
 - 2.2 Tweejaarlikse salarisvordering van 3% sal steeds van toepassing wees op dié werknemers wat ingevolge die sektoriese ooreenkomste daarvoor in aanmerking kom. Maar, as 'n werknemer vir 3% in 2022 in aanmerking kom en hy/sy het reeds 1,5% in 2021 ontvang, sal die deel wat oorbly in 2022 deurgevoer word.
3. Die eenmalige 1,5%-aanpassing sal vanaf 01 Julie 2021 in werking gestel word.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeellede onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE

DATUM: 2021-10-07